Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## SEPTEMBER 2015

# RELIGIESTUDIES V1

**PUNTE:** **150**

**TYD:** **2 uur**

*RLSDM1*

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:
   AFDELING A en AFDELING B.

2. AFDELING A is VERPLIGTEND.

3. AFDELING B bestaan uit drie vrae waarvan TWEE vrae beantwoord moet word.

4. Lees AL die vrae aandagtig deur voordat jy ŉ keuse maak.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

6. Die lengte van jou antwoord moet in ooreenstemming wees met die punte wat aan elke vraag toegeken word.

7. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A

Beantwoord AL die vrae in hierdie afdeling.

### VRAAG 1 (VERPLIGTEND)

1.1 Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woord(e) in te vul. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer. Kies die antwoord uit die lys wat voorsien word.

| Aanbidding; Arabiese; Pali Kanon; Tanak; Upanishads; Septuagint |
|---|

1.1.1 In Judaïsme staan die primêre geskrifte gesamentlik bekend as die … (2)

1.1.2 Die … is ʼn heilige skrif van Boeddhisme. (2)

1.1.3 Afrika Tradisionele Godsdiens het nie ʼn spesiale dag van … nie. (2)

1.1.4 Die Koran is in die … taal geskryf. (2)

1.1.5 Die … is heilige tekste van Hindoeïsme. (2)

1.2 Kies ʼn item uit KOLOM B wat pas by ʼn woord/beskrywing in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A−E) langs die vraagnommer (1.2.1−1.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.2.6 F.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.2.1 | Ateïsme | A | verering van die voorvaders |
| 1.2.2 | Drie-eenheid | B | elke aksie het ʼn gevolg |
| 1.2.3 | Afrika Tradisionele Godsdiens | C | ontkenning van die nuttigheid van godsdiens |
| 1.2.4 | Karma | D | streng navolgelinge van geskrifte en leringe |
| 1.2.5 | Ortodoks | E | God manifesteer as drie persone |

(5 x 2) (10)

1.3 Definieer kortliks die volgende begrippe in die konteks van godsdiens:

1.3.1 Eendersheid (2)

1.3.2 Verskil (2)

1.3.3 Dogma (2)

1.3.4 Ideologie (2)

1.3.5 Allegorie (2)

1.4 Kies die woord in elke groep woorde hieronder wat NIE pas NIE. Skryf slegs die woord langs die vraagnommer (1.4.1−1.4.6) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.4.1 Sion-Christenkerk, Naseret-baptiskerke (Ibandla lamaNazaretha), Intenasionale Pinkster Christenkerk, Methodistekerk (2)

1.4.2 Kitab-i-Aqdas, Baha'u'llah, Bahai, Rome (2)

1.4.3 Jesus Christus, Profeet Mohammed, Dalai Lama, Siddharta Gautama (2)

1.4.4 Martin Luther, Isaiah Shembe, Abraham, William Shakespeare (2)

1.4.5 Mekka, Moria, New York, Jerusalem (2)

1.4.6 Nuwe Testament, Ou Testament, Vedas, Die Vryheidsmanifes (2)

1.5 Waarom word die Christelike godsdiens, Judaïsme en Islam monoteïstiese godsdienste genoem? (2)

1.6 Definieer die konsep *normatiewe bron.* (4)

1.7 In watter boek word die meeste van Baha'u'llah se doktrines gevind? (2)

**TOTAAL AFDELING A: 50**

## AFDELING B

Beantwoord enige van die TWEE vrae in hierdie afdeling.

## VRAAG 2

2.1 Bespreek kortliks die rol van die voorvaders as ŉ unieke kenmerk in Afrika Tradisionele Religie. (10)

2.2 Noem gemeenskaplike kenmerke wat tussen Hindoeïsme en Boeddhisme bestaan. (10)

2.3 Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

> Elke godsdiens het sommige oortuiginge wat nie onderhandelbaar is nie, oortuiginge wat alle volgelinge deel. Byvoorbeeld Jode, Christene en volgelinge van die Afrika Tradisionele Godsdiens glo in een God. Binne die meeste godsdienste, verskil geloofstrukture egter van een denkwyse na ŉ volgende. Byvoorbeeld in Boeddhisme verskil Theravada, Mahayana en Vajrayana oor hoe Boeddhistiese oortuiginge in die lewe toegepas moet word ...
>
> [Bron: Aangepas en vertaal uit *Shuters Religion Studies Grade 12*, Hofmeyer et al, bladsy 105]

2.3.1 Skryf die funksies wat deur die uniekheid van ŉ godsdiens vervul word, neer. (10)

2.3.2 Beskryf kortliks die unieke kenmerk van enige EEN van die godsdienste. (10)

2.4 Noem DRIE voordele om die vergelykbaarheid van godsdienste te bestudeer. (6)

2.5 Gee TWEE redes waarom die vorming van intergodsdienstige bewegings eenheid sal bevorder. (4)

**[50]**

**VRAAG 3**

3.1 Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord die vraag wat volg.

> "Alle mense word vry en gelyk in waardigheid en regte gebore. Hulle ontvang rede en gewete en moet in die gees van broederskap teenoor mekaar optree."
>
> [Bron: Aangepas en vertaal uit *Universal Declaration of Human Rights uit Shuter's Religion Studies Grade 12* deur Hofmeyer et al, bladsy 168]

In die lig van die bogenoemde stelling, bespreek uit enige TWEE godsdienste hoe die idee van menseregte ondersteun word. (10)

3.2 Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord die vraag wat volg.

> "Respek vir die regte en waardigheid van ander is nie ŉ onpraktiese godsdienstige idee nie, maar ŉ noodsaaklike bestanddeel in die ontwikkeling van gesonde, vry en welvarende gemeenskappe."
>
> [Bron: Aangepas en vertaal uit *Focus Grade 12* deur R. Donne et al, bladsy 78]

In die konteks van die aanhaling hierbo, dui aan hoe godsdiensvryheid in die samelewing aangemoedig word. (10)

3.3 Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord die vraag wat volg.

> "Die meeste godsdienste sal die Handves van Menseregte, soos vasgelê in Hoofstuk 2 van die Suid-Afrikaanse Konstitusie, onderskryf. Hulle sal in meerdere mate saamstem met afdelings wat handel oor godsdiensvryheid, vryheid van spraak en verwante artikels. Hierdie regte gaan egter met verantwoordelikhede gepaard.
>
> Daar was onlangs regoor die land gewelddadige protesoptredes toe mense hulle ontevredenheid oor dienslewering uitgespreek het. Party mense het gesterf en eiendom is vernietig."
>
> [Bron: Onbekend]

As ŉ godsdienstige jeugleier, hoe sou jy die jeug van ander godsdienste in Suid-Afrika raad gee oor hoe om regte en verantwoordelikhede tydens jeugaktiwiteite te balanseer? (10)

3.4 Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

> "Mediadekking is uiters sensitief wanneer kwessies waar openbare mening baie kan verskil, byvoorbeeld in politiek en godsdiens, bespreek word. Daar word steeds oor die herinstelling van die doodstraf in Suid-Afrika gedebatteer. Hierdie debat het beide politieke en godsdienstige implikasies. Let egter daarop dat die standpunt deur die media meer dikwels die standpunt van 'n individu is."
>
> [Bron: onbekend]

3.4.1 Verduidelik kortliks die invloed op godsdiens van onverantwoordelike of verantwoordelike mediaverslagdoening oor wat in die samelewing aangaan, veral oor godsdiensverwante kwessies. (10)

3.4.2 Kies EEN godsdiens en bespreek hulle beskouing oor die doodstraf-debat in die Suid-Afrikaanse konteks. (10)

**[50]**

Kopiereg voorbehou

## VRAAG 4

4.1 Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

> Gewelddadige godsdienstige botsings het op 21 Februarie in die stad Kaduma in Noord-Nigerië uitgebreek en dwarsdeur die week voortgeduur. Kaduma is die tweede grootste stad in die noorde. Die botsings het gevolg na ŉ opmars deur tienduisendde Christene om te protesteer teen ŉ voorstel dat die Moslem Sjaria-wet as die strafboekwet in die Kaduma-staat ingestel word.
>
> Verslae noem dat strydende gewapende bendes, bestaan uit Christene en Moslems in die strate ronddwaal. Kerke en moskees is aan die brand gesteek. Lyke is in die strate gesien lê en menseliggame het ook uit motors en busse gehang, skynbaar dood gemaak terwyl hulle probeer het om van die geweld te vlug. Plaaslike menseregte werkers het gesê dat daar meer as 400 mense as gevolg van die botsing gesterf het.
>
> [Bron: Barry Mason en Chris Talbot, 28 Februarie 2000]

4.1.1 Dink jy dat godsdiens die werklike probleem in hierdie konflik is? Gee redes vir jou antwoord. (10)

4.1.2 Verduidelik hoe godsdiens deel kan wees van die oplossing om konflik in gebiede wat deur geweld geraak word, te voorkom. (10)

4.2 Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

> Die hartseerste deel van my reis na die verlede is seker die gedwonge verskuiwings van hierdie lewendige gemeenskap uit ŉ gebied (in die Strand, Wes-Kaap) waar hulle vir geslagte gewoon het. Hier het ons ŉ lewendige gemeenskap gehad wat pens en pootjies in die middel van die sentrale sakekern van die dorp in harmonie saam met hulle Christelike bure gewoon het. Toe kom die Groepsgebiedewet onder die dekmantel van die Wet op die Opruiming van Plakkergebiede en met een haal van die pen is ŉ gemeenskap wat vir geslagte hier gewoon het met alles wat hulle het, verwyder.
>
> [Bron: *Slavery to Citizenship: A walk through the history of the Strand community*, deur Ebrahim Rhoda, 2011, bladsy 130–131]

Bespreek ŉ paar mylpale in interreligieuse verhoudings soos Suid-Afrika met sy demokratiese reis begin het. (10)

4.3 Watter maatreëls het Suid-Afrika getref om religieuse harmonie aan te moedig? (10)

4.4 Bespreek die rol van die Parlement van Wêreldreligieë in die bou van verhoudings oor religieë heen. (10)

**[50]**

**TOTAAL AFDELING B: 100**

**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou